

1 Petrus 4:12-19

Christus is ons vreugde in tye van beproewing

Inleiding:

- Ons het laasweek saam gehoor hoe God ons oproep om die vrede van die stad te soek waarbinne God ons geplaas het.
 - Deur hierdie vrede te soek sal ons ook daarin kan deel en dan self ook vrede kan hê.
- Tog is die realiteit dat die stad nie net skielik ontvanklik gaan wees vir hierdie vrede nie.
 - Sedert die vroeë kerk na die opstanding van Christus is vervolging 'n realiteit.
 - Die wêreld is nie altyd oop vir ons vrede nie.
 - Die wêreld is nie oop vir die boodskap van vrede nie.
 - Die wêreld is dikwels vyandig teenoor die boodskap van vrede maar ook teenoor ons wat die boodskap van vrede verkondig.
- Tog moet dit ons nie mismoedig maak nie.
 - In 1 Petrus 4 lees ons dat hierdie vervolging vir ons 'n rede tot groot vreugde is.
 - Hierdie vreugde is nie korttermyn en beperk tot hierdie lewe nie, maar het werklik vir ons ewigheidswaarde.
 - Mag ons daarom vandag verseker wees dat Christus ons vreugde is in tye van vervolging.

In Christus is vervolging vir ons 'n realiteit

- Petrus skryf sy eerste brief aan die uitverkorenes van God wat versprei is reg oor die wêreld.
 - So hy bevestig reeds vir die lesers hoe kosbaar dit vir ons is dat ons deel het aan Christus.
 - Maar hy spreek die lesers ook aan as vreemdelinge in die wêreld.
 - Hiermee word die realiteit reeds aan die begin van die brief bekend gemaak dat dit nie maklik gaan wees vir gelowiges in die wêreld nie.
- Hy gaan dan verder in sy brief aan om vir gelowiges te wys dat ons in Christus wedergebore mense is.
 - Dit beteken ons het 'n nuwe hoop.

- Dit beteken ons het 'n nuwe identiteit.
- Dit beteken ons het 'n nuwe familie.
- Dit beteken ons lewe anders.
 - Ons lewe nie meer soos die mense wat ons was voor ons tot geloof gekom het nie.
 - Christus het ons nuwe mense gemaak, daarom leef ons soos nuwe mense.
 - Maar die wêreld is nie so ontvanklik vir hierdie wonderlike verandering nie.
- Sommer met die intrapslag maak Petrus dit baie duidelik dat ons nie geskok moet wees oor die vervolging wat ons beleef nie.
 - Petrus gebruik die woord vuurproef om die vervolging te beskryf.
- Vuurproef in die letterlike sin van die woord verwys na die manier wat goud gelouter word.
 - Die goud word vuurwarm gemaak om seker te maak al die onsuiverhede word uitgehaal.
 - Dit word keer op keer herhaal om te verseker dat die goud absoluut skoon is sonder enige iets wat nie goud is nie.
 - So beklemtoon Petrus die feit dat ons eerstens vervolgt gaan word, maar daarmee saam dat die vervolging en die lyding altyd 'n doel het.
 - Die manier wat Petrus die vuurproef beskryf, is nie dat dit iets is wat dalk nog in die toekoms moontlik kan gebeur nie.
 - Vervolging is nou reeds 'n realiteit.
 - Dit gebeur nou.
 - Jy word nou al vervolgt.
 - Petrus vertel nie aan hierdie gelowiges bangmaakstories nie.
 - Hy vertel vir hulle die harde realiteit wat hulle bedreig.
 - In Handeling 26:28 lees ons waar Agrippa vir Paulus vra of hy van plan is om hom 'n christen te maak.
 - In die tyd van die vroeë kerk is christen 'n skelnaam gewees.
 - Christene het hulself dit nooit genoem nie, maar dis 'n naam wat die heidense wêreld hulle genoem het.
 - Christen was dus 'n naam vol van vernedering en om christene af te maak as belaglik.
 - Die naam christen was dus reeds die eerste tekens van verdrukking en vervolging.
 - Vir die heidense wêreld was dit vreemd dat gelowiges nie deelgeneem het aan die gebruike en praktyke van die wêreld nie.

- Die antwoord van die ongelowiges hierop was om christene uit te lag, te verneder en selfs te mishandel.
 - Sommige gelowiges het selfs hulle lewens verloor omdat hulle dinamies anders as die wêreld geleef het.
 - As Petrus dan hierdie gelowiges vir wie hy skryf aanspreek as geliefdes, is dit omdat hy figuurlik langs hulle staan en deel in die vervolging.
- Die vuurproef is daarom 'n bevestiging van vervolging vir die kerk, maar ook vir die individu.
- Soos ons vroeër genoem het, het God 'n bepaalde doel met die vervolging wat ons deurgaen.
 - God is in beheer van elke ding wat in hierdie wêreld gebeur.
 - Daarom kan God keer dat ons vervolging deurgaen, maar Hy gebruik dit ook om werklik ons geloof te versterk.
 - Maar ons maak nie op eie kragte staat wanneer ons vervolgt word nie, maar deur die krag van God wat in ons werk.
 - Daarom word ons in Christus versterk in tye van vervolging.

In Christus word ons versterk in tye van vervolging

- Petrus se bemoediging vir die gelowiges is die feit dat hulle deel in die lyding van Christus.
 - So word die gelowiges herinner aan die lyding wat Christus deurgemaak het.
 - Hy het nie geleef soos die wêreld nie.
 - En juis daarom het die wêreld Hom verwerp en die ergste vervolging laat deurgaen.
 - En vir die vervolging van Christus was daar ook 'n doel gewees.
 - Sodat Hy kan sterf vir die sondes van die gelowiges.
 - Op hierdie manier troos Petrus die volk.
 - Kyk wat het Christus gedoen.
 - Kyk wat het Hy deurgemaak.
 - Kyk watter vervolging het deurgemaak – vir jou.
 - En hierdie lyding van Christus het vir ons ewigheidswaarde.
 - Jy gaan deel in die vreugde met die wederkoms.
 - So kyk die lesers nie net terug na Christus se lewe en lyding op aarde nie, maar ook vorentoe na die troos dat Christus gaan terugkom.
 - Daarom is ons ook geseënd wanneer ons die vervolging beleef omdat ons in Christus is.
 - Dit bevestig ons dat die Gees van God ook in ons werk in tye van vervolging.

- So gaan Petrus voort om die verloop van 'n gelowige se nuwe lewe te beskryf.
 - Dit is die Gees wat ons bring tot op die punt van wedergeboorte en bekering.
 - Dit is die Gees wat ons so verander om nuut te leef omdat ons nou wedergebore is.
 - Dit is dieselfde Gees wat ons dan nou ook bemoedig binne in hierdie tye van verdrukking.
- Maar dan verander Petrus sy gedagtegang.
 - Vervolging is nie wanneer jy gestraf word vir iets wat jy verkeerd gedoen het nie.
 - Hy gebruik die voorbeeld van die moordenaars en kwaadstokers.
 - 'n Praktiese voorbeeld vir ons is 'n boetekaartjie.
 - As jy vinniger ry as die wat die spoedgrens is en jy ontvang 'n verkeersboete, is dit nie vervolging nie.
 - Jy dra die gevolge van iets wat jy verkeerd gedoen het.
 - Daar is dus baie duidelike oorsaak en gevolg.
 - Vervolging is vir ons 'n bemoediging in tye wanneer ons reg optree en steeds vervolgd word.
 - Dit is wanneer jy opstaan vir dit wat Bybels en reg is, maar steeds vervolgd word daarvoor.
 - Wanneer hierdie vervolging met ons gebeur kan ons vol vreugde bly wees omdat ons die naam van Christus, wat danksy die werking van Christus, nou 'n ere naam is.
 - Dit is 'n naam wat vir ons vreugde moet gee en ons versterk in ons geloof.

As Christene word ons gestuur in tye van vervolging

- In Sondag 12 bely ons die kosbare voorreg en verantwoordelikheid wat ons dra wanneer ons werklik christene genoem word.
 - Eerstens beteken dit dat ek en jy in Christus is.
 - Dit bevestig vir ons die nuwe hoop, nuwe identiteit en nuwe familie waarvan ons nou deel is in Jesus Christus.
 - Die verantwoordelikheid van Christenskap is dat ek aktief teen die sonde sal stry.
 - Dit is nie 'n maklike opdrag nie, want die wêreld bied erge weerstand wanneer ons werklik soos christene optree.

- Ons bly in 'n land waar ons deur die genade van die Here nie in die tronk gestop word nie, maar tog is ons nie vry van vervolging nie.
- Liberale en onbybelse denke beïnvloed ons wêreld daaglik.
 - Alle gelowe word as gelyk geag tog word ons as christene onderdruk en mag ons nie meer vergaderings met skriflesing en gebed open nie.
 - Die Bybelse gronde vir 'n huwelik geld in die oë van die wêreld glad nie meer nie.
 - In die wêreld se oë is daar niks fout met saambly of homoseksuele verhoudings nie.
 - As 'n gelowige egter uitsprake maak daarteen word ons op sosiale vlak uitgekryt as skynheilig omdat ons nie alles in liefde blindelings aanvaar nie.
 - Soms word dit so erg dat gelowiges aangekla word van haatspraak omdat ons sê dit wat die Bybel sê.
- Moet dit ons stuit om die waarheid te praat?
 - Nee.
 - Ons is steeds gestuur om te stry teen die sonde.
 - Ons kan nie dit wat God verbied goedpraat nie, selfs al beteken dit dat ons lyding gaan ondergaan.
- Ons taak om die waarheid te verdedig hou nie net skielik op nie.
 - Ons moet volhard in hierdie taak totdat die tyd kom wat Christus terugkeer.
 - Dan sal ons werklik die vreugde beleef van die ewige lewe wanneer ons ons beloning ontvang vir ons lyding hier op aarde.

Slot:

- Vervolging is 'n realiteit.
 - Dit is nie iets wat ons moet vrees nie.
 - Dis nie iets wat ons moet skaam maak vir ons geloof nie, maar dit moet ons juis bemoedig en versterk sodat ons enduit die taak sal volhou wat ons ontvang het.
- Paulus bevestig vir ons ook die nuwe lewe in Romeine 12.
 - Hierdie nuwe lewe is 'n lewende getuie van die werk van die Gees in elkeen van ons.
 - Daarom kan ons voluit lewe ten spyte van die vervolging waarmee ons gekonfronteer word.
- Dit louter ons geloof, dit troos ons en dit laat ons uitsien na die ewige lewe wanneer ons vir ewig saam met Christus gaan regeer.